# DIE WEDERVARINGS VAN 'N OUD-ONDERWYSER TYDENS DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG, 1899-1902 — V

*Pietersheuwel (Mara-koppie)*

Om die Boeremagte mee te verpletter, kon sir Redvers Buller 'n blik werp op die grootste en magtigste leër wat nog ooit op Suid-Afrikaanse bodem gemobiliseer is. Toegerus met grofgeskut en kleingeweer van die allernuutste uitvindsels, het die ontsagwekkende slaankrag van die Britse leër 'n hoogtepunt bereik, wat by die aanskouing daarvan, 'n gevoel van minderwaardigheid in die hart van 'n teenstander verwek het.

Saam met ons kommando was 'n verslaggewer van 'n Franse koerant. Deur gebruik te maak van die vertroue in hom gestel, het genoemde heer die geleentheid gehad om 'n deurdringende studie te maak van die verdedigingstelsel van die Boere. In sy snuffeltog kon hy ook 'n opname doen van die Boereposisies op en rondom Hlangwanikop (Bosrand) naby Colenso, aan die oorkant van die Tugelarivier. Op hoogte dus met die ligging van die hele terrein, kom hy tot die gevolgtrekking dat hy 'n krygsplan ontrafel het wat die Britse generaal die oorhand oor die Boere sal gee en hom in staat sou stel om 'n opening deur die Boerelinies te slaan. Deur die Franse pers wêreldkundig gemaak, besluit sir Redvers Buller na die lees daarvan, om van die onthulde krygsplan gebruik te maak.

Die langdurige en heftige worsteling van die voorafgaande weke, die kragsinspanning om die aanvalle van die vyand af te slaan en die inaseming van liddietgas, het die weerstandsvermoë van die burgers geleidelik uitgeput. Tesame hiermee was die intensiteit van die hernude aanvalle dus 'n oorsaak dat die burgers in hul vasbeslotenheid om rotsvas te bly staan, nie langer kon volhard nie. Gevolglik word die stellings van Hlangwanikop en omgewing aan die oorkant van die Tugelarivier, vanaf 12 Februarie een na die ander ontruim, en al terugvallende tot oor die rivier, bereik die burgers teen 23 Februarie dan eindelik Pietersheuwel (Mara-koppie), hul allerlaaste stelling aan die oewers van die Tugelarivier.

Na ontvangs van die bevel om te gaan deelneem aan die verdediging van Pietersheuwel, moes ons laer die omgewing van Vaalkrans verlaat. Om van plek tot plek verskuif te word, het so dikwels voorgekom dat die burgers op kommando nooit tyd gegun was om van 'n bepaalde omgewing meer as 'n oppervlakkig kennis in te win nie. Weens die feit dat daar van die manskappe van ons kommando op Vaalkrans gesneuwel het en daar begrawe is, het die Johannesburgse kommando 'n meer deeglike kennis van daardie omgewing as van ander omgewings opgedoen.

Wat ons in die afgelope paar dae gesien en ervaar het, het oortuigende bewys gelewer dat die weerstand van die burgers aan die oewers van die Tugelarivier vinnig besig is om in duie te stort. Langsaam beweegbare grofgeskut, soos ons Long Tom byvoorbeeld, moes daarom vroegtydig

in veiligheid gebring word. By ons aankoms op Pietersheuwel, kon die burgers van die Johannesburgse kommando toe ook die ontdekking maak dat die weerstandsmagte oor slegs 'n enkele Maxim Nordenfeldt beskik — teenoor die 30 vuurmonde van die Engelse wat in slagorde teen ons opgestel was. Die burgers kon dit dan ook nie verhoed nie dat die vyand sy kanonne tot betreklik naby voor die Boereskanse en loopgrawe plaas nie. Die vraag waarom ons opperbevel onder bestaande omstandighede, sonder die geringste hoop om 'n oorwinning te behaal, sy burgers so koelbloedig oorgegee het om gedood te word, is 'n saak wat op Pietersheuwel dikwels geopper is.

Aangesê om 'n deel van die stellings wat deur die Krugersdorpse kommando in gereedheid gebring is, oor te neem, moes die Johannesburgers tydens 'n hewige bombardement die gevegsterrein uitklouter, om skuiling te vind agter skanse wat oor die lengte van die heuwel gestrek het. Om ons perde te vrywaar van gedood te word, moes ons hulle onmiddellik oor 'n lang afstand terugneem.

In 'n uiters voordelige posisie geplaas ten opsigte van grofgeskut en infanterie, het die vyand van sy oormag ruimskoots gebruik gemaak om die weerstand van die Boere met verwoede aanvalle te verbreek. Vasbeslote om met hierdie aanslae niks onaangewend te laat om die nagestreefde oorwinning te behaal nie, het die vyand weer voorkeur gegee aan die afvuur van liddietbomme. 'n Rookwolk het ons by tye omhul, en dit het nie lank geneem om die syferwatertjie in Onderbroekspruit te besoedel en ondrinkbaar te maak nie. Na afloop van die gevegte, moes ons ontdek dat die neersakkende liddietgas ons klere met geel strepe bevlek het.

Die gelyktydige afvuur van battery-eenhede, het woeste stormlope voorafgegaan. Slegs agter die dik muurvormige skanse en in die diep loopgrawe regs van ons aan die voet van die rant, was 'n mate van beskutting te vind. Teen die regafskietende koeëls van granaatkartetsbomme, het wegskuil egter niks gebaat nie. Groot bomme het rotsklippe van agtienduim deursnee en selfs groter oor ons skanse heen laat vlieg. 'n Skielike afbreek van so 'n kanonnade, het gedien as 'n waarskuwing van wat aan die kom is, en het die burgers na hul mausers laat gryp, want welbekende bewegings voor en om die stellings van die vyand, versterk die oortuiging dat 'n doelbewuste stormloop aan die gang gesit is.

Yl versprei oor 'n wye oppervlakte nader die vyand met kleingeweer en gevelde bajonette die vesting waaragter die Boer hom verskuil hou. Afwagtend-gereed, ontvang die burgers bevel om op te tree. Met uiters min blootstelling van die bolyf, word die mausers bedaard oor die bovlak van die skans geskuif en die begroeting met kleingeweervuur neem in aanvang. Die gevaar om deur die aanvallende oormag oorrompel te word, verplig die burgers om nie alleen baie sekuur nie, maar ook om so vinnig moontlik op die vyand te vuur.

Met gesneuweldes en gewondes oor die slagveld versprei en magteloos om aan die uitwerking van mausergeweervuur paal en perk te stel, kom die aanstormende troepemag plotseling tot stilstand. In die blootgestelde

ruimte vlak voor die Boerestelling, mag egter nie vertoef word nie, en dan volg 'n vinnige omswaai en stormloop in teenoorgestelde rigting op koers na veiligheid agter eie skanse.

Stormlope na elke bombardement moes deur die burgers in uiterste pogings met kleingeweervuur beantwoord word. Om die spanning te handhaaf, is snags van valsalarms gebruik gemaak. Die skielike losbrand van sarsies kleingeweervuur wat in die nag die stelling van die vyand oor sy lengte in 'n vuurstreep soos 'n grasbrand omskep, moes as bewys dien dat die vyand sy posisie beset hou.

25 Februarie breek aan en daarmee ook 'n dag van rus. Soos oorrypvrugte onder 'n boom het stilswyende getuies van oorlogsgeweld oor die oppervlakte van die gevegsterrein uitgestrek gelê. Die oorlog woed voort, maar van die slagoffers moet ontslae geraak word. Soos dit al meermale voorgekom het, is aan sir Redvers Buller weer 'n wapenstilstand van 'n volle dag toegestaan om die gesneuweldes te begrawe.

Na beëindiging van die wapenstilstand het die bombardement 'n nuwe fase binnegetree. Sidderings het die hart van meer as een in die opvolgende twee dae, 26 en 27 Februarie, inmekaar laat krimp. In dergelike omstandighede, het dit my voorgekom, hou die sintuie van die mens by wyle op om te funksioneer en is die denkvermoë taamlik verward.

Teen die namiddag van 27 Februarie (Amajubadag), is egter weer getrag om 'n stormloop van die vyand met kleingeweervuur af te weer. Skouer aan skouer is die afmaaiproses vir nog 'n keer toegepas, maar die oormag was te groot en kon nie gestuit word nie. Met 'n omvleueling en vasvang is ons bedreig en gevolglik moes daar toe van die enigste oorblywende uitweg, ontruiming van posisies, gebruik gemaak word.

Oningelig aangaande 'n bepaalde roete wat, ingeval van 'n terugtog, gevolg moes word, het die burgers in hul vlug, koers gevat in 'n rigting wat hulle reëlreg weg van die oewers van Tugelarivier gelei het.

Vanweë die onbeskryflike gemoedstoestand waarin almal verkeer het, het die burgers, sonder om veel aandag aan mede-voortvlugtiges te bestee, ure aaneen stilswyend voortgestrompel, met hoofdoel om êrens aan te kom waar daar lafenis en rus te vinde sou wees. Half stompsinnig het ek teen middernag, sonder enige kennis van waar ek my bevind, toevallig en onverwags op die plek afgekom waar my veldkornetskap besluit het om te oornag. Na ontruiming van hul posisies langs die oewers van die Tugela, was die burgers, soos hulle die nag daar oor 'n wye oppervlakte verspreid vir 'n kort tydjie tot rus gekom het, ongetwyfeld nie by magte om hulle getalsterkte vas te stel nie.

Die Britse triomf behaal op Pietersheuwel (ons Mara-koppie), wat die laaste weerstandversperring in die weg na Ladysmith uiteindelik verpletter het, is in sy omvangryke betekenis wel deeglik besef en is daarom deur middel van koerantverslae tot in die uithoeke van die aardbol met die welbekende oordrewenheid, wêreldkundig gemaak. Wat al die pogings om deur te breek, Brittanje aan gesneuweldes en verminktes werklik gekos het, weet swaarskynlik niemand nie. Na die behaalde oorwinning, is die

Engelse leër in gereedheid gebring om op te ruk na die beleërde vesting waar die inwoners al maandelank die oomblik afgewag het om uit hul ellende verlos te word.

In nakoming van die bevel om die beleg op te hef, het ook die beleëraars van Ladysmith hul posisies ontruim om saam met die kommando's van Tugelarivier deel te neem aan die terugtog tot by die Biggarsberge. Moontlik as te gewaagd beskou, het die vyand die terugvallende Boeremagte nie agtervolg nie en kon die burgers hul stellings in vermelde bergreeks ongehinderd bereik. Aan die Johannesburgse kommando is Van Tondersnek aangewys om te beset.

My aktiewe deelname aan die bedrywighede van die burger op kommando is enkele weke na ons aankoms in die Biggarsberge deur 'n onvoorsiene gebeurtenis, skielik beëindig. Saam met ander manskappe van die veldkornetskap, was ek besig om skanse te pak en 'n paar kanonstellings in te rig met boomstamme oor muurtjies om die affuite van kanonne voor te stel, toe 'n aanval van malariakoors my platgetrek het. Versorg deur 'n vriend kon ek nog 'n paar dae in die laer vertoef, maar moes toe op las van die kommando-dokter verwyder word. Deur ons poskar is ek in die namiddag in Glencoe by 'n onbewoonde huis afgelaai. Die volgende dag is ek per trein na Newcastle geneem waar daar 'n Russiese ambulans-hospitaal in 'n ou klooster gevestig was.

Volledig toegerus met die noodsaaklikste mediese benodigdhede, het die personeel van die Russiese ambulans bestaan uit 'n halfdosyn geneeshere en 'n groep nonne-verpleegsters, benewens 'n aantal bediendes. Die matrone was 'n prinses, betreklik jong en streng. Van middelmatige lengte, effens aan die skraal kant, met 'n kortgeknipte baard en 'n platbolstrooihoed op die kop, beskryf min of meer die voorkoms van die geneesheer wat ageer het as hoof van die ambulans. Hoe deeglik die algemene versorging aan die hulpbehoewende burgers betoon werklik was, kan moeilik oorvertel word.

Baie van die gebruike waarmee ons daar kennis gemaak het, het darem vreemd voorgekom. Die smaaklike kos het hulle anders as waaraan ons gewoond was, voorberei en opgedien; die brode deur hul bakker gebak, het eienaardige vorms gehad; met 'n bietjie koffie-ekstrak in die koffie, was die koffie, na byvoeging van kookwater, gereed om bedien te word. Van so 'n metode van koffiemaak het ons toe nog niks geweet nie. 'n Koue stortbad onmiddellik na toelating tot die inrigting, het baie van ons darem as verregaande drasties beskou, veral in gevalle waar die toestand van pasiënte, na ons oordeel, minder hardhandige behandeling vereis het. Hoe algemeen dié maatreël werklik toegepas is, kon nie vasgestel word nie. In uitsonderlike gevalle is seker anders opgetree.

Niemand was toegelaat om langer as wat noodsaaklik was in die ambulans-hospitaal te vertoef nie. Toe ek as genees verklaar was, hoewel nog uiters swak, het ook my beurt aangebreek om gehoor te gee aan die versoek om te vertrek.

Berigte oor die oorlog wat ook die inwoners van die hospitaal bereik het, het die mededeling bevat dat die Boeremagte in Natal nie langer deelneem aan werklike gevegte nie en besig is om die grondgebied van so baie veldslae en bloedvergieting die rug toe te keer. Deurdat ek nie in staat was om my kommando op te spoor nie, was ek genoodsaak om gehoor te gee aan die bevel van die ambulansdokter om vir herstel van my liggaamskragte terug te keer na Johannesburg, waar vriende my daar na my aankoms tydelik 'n onderdak aangebied het.

C. J. Blom.